COLLETT FARMING cc

SUPERIOR GENETICS

Aan al ons kliënte:

Die afgelope paar weke is ons telefone oorstroom met boodskappe van kommer en vrees oor wat aangaan in die Meatmaster industrie, aangesien baie onrealistiese hoë pryse vir diere betaal is.

Ons hier by Collett Farming wil graag al ons klante op hul gemak stel. Ons beskou ons kliënte die afgelope 47 jaar altyd as **ons waardevolste bate**. Ons bedank u van harte en waardeer u lojale ondersteuning geweldig.

Ons hou nie daarvan om opinies of aannames te vorm oor wat by ander veilings gebeur nie. Ons is altyd bly wanneer dit met ander Meatmaster-telers goed gaan, want ons beskou alle Meatmaster-telers as deel van een groot familie. Daar is genoeg ruimte in die bedryf vir die son om oor almal te skyn.

COLLETT FARMING KAN U WEL VAN DIE VOLGENDE VERSEKER:

1. Ons veilings sal altyd **EERLIK en REGVERDIG wees.** Geen vals bod, pryse opjaag of enigiets onreëlmatig sal ooit toegelaat word nie.
2. Ons fokus en visie sal bly soos die wat aanleiding gegee het tot die oorsprong van die Meatmaster ras.
    a. Seleksie is totaal ekonomies gebaseer, met die fokus**, vir die kommersiële boer om geld te maak**.
    b. Geen "fancy points" nie**. SELEKSIE STRENG VOLGENS AL ons rasstandaarde**.
    c. Daar word geboer onder **ekstensiewe toestande met lae insetkoste** om te verseker dat net die beste en funksioneel doeltreffende skape geselekteer word om mee te boer.
    d. Wetenskaplike seleksie en gesonde verstand het ons **vir drie jaar** gehelp om die gesogste Suid-Afrikaanse toekenning vir alle skaap- en bok rasse te wen**. DIE BESTE KLEINVEE KUDDE VAN DIE JAAR TOEKENNING. Dit behoort vertroue in ons genetika aan al ons klante te gee.**
3. Die afronding van ons diere vir veilings sal nooit langer as 6 tot 8 weke wees nie, afhangend van hul kondisie aan die begin.
    a. Aangesien ons diere van die veld af is en nog nooit enige vorm van voer of lek ontvang het nie, verloor hulle dikwels kondisie in die eerste week of twee voor hulle aan die kos gewoond raak.
4. **Ons is daar vir u:**
    a. Aangesien ons kliënte basis so wyd verspreid is kan ons regtig nie by almal uitkom nie. **Hiervoor vra ons van harte om verskoning**. Maar wees verseker dat ons 365 dae van die jaar onverpoosd werk om u **die beste Meatmaster genetika beskikbaar aan te bied.** Ons is altyd beskikbaar op ons selfone vir advies of inligting wat u benodig. Ons het ook 'n facebook-bladsy en webwerf waar ons baie inligting publiseer, so besoek dit ook. www.clyntoncollett.com of www.facebook.com/superiorgenetics
    b. Ons probeer om voortdurend inhoud op sosiale media te publiseer **wat relevant en opvoedkundig van aard is** en wil nie net op publisiteit fokus nie.

BAIE BELANGRIKE AANKONDIGING!!!

ONS BOER PRAKTYK IS TOTAAL EKSTENSIEF, dus NEEM ASB. KENNIS - As u diere koop by ons, is hulle nie aan voer of lekke met hoë konsentrate gewoond nie, hulle kan vrek. Maak hulle stadig daaraan gewoond. Moenie ons diere met liefde dood maak weens u besorgdheid nie.

VIR DIE BELANGSTELLENDE – Ons PRODUKSIEVEILING is op 25 Februarie 2021. Kom geniet die dag saam met ons en kry die beste genetika teen 'n billike prys.

Groete,

Mario, Angelique, Clynton en Dora.